

## **Die Inhoud en tendense in navorsing oor inklusiwiteit in Suid-Afrikaanse opvoedkundige sielkunde in die gemeenskap: 'n Suid-Afrikaanse joernaaloorsig**

---

Navorsing oor die inhoud en tendense binne navorsing is op sigself belangrik en is 'n aanduiding van die neigings en inhoudelike van 'n spesifieke veld. Hierdie studie ondersoek die inhoud en tendense binne opvoedkundige sielkunde in die gemeenskap vanuit die oogpunt van inklusiwiteit.

'n Analise is gedoen van die inhoud en tendense in die metodiek van artikels in drie vooraanstaande Suid-Afrikaanse joernale van tussen 2013 en 2017; naamlik die *South African Journal of Psychology*, *Journal of Education* en *Education as Change*. Die hoofrede vir die besluit om op hierdie joernale te fokus, is omdat hulle gevestigde Suid-Afrikaanse onderwys en sielkundige joernale is. Elf van die 469 artikels het binne die kriteria geval; daar was geen artikels in die *South African Journal of Psychology* wat die sleutelwoorde “*inclusion*” of “*inclusive education*” bevat het nie.

Die twee vernaamste neigings is geïdentifiseer: maatskaplike geregtigheid en ontwikkeling. Die tema van maatskaplike geregtigheid omvat die sub-temas inklusiwiteit, uitsluiting, transformasie en inklusiewe onderwys. Die temas van billikheid en diversifikasie het nie baie in vorige navorsing opgeduik nie. Die fokus op ontwikkeling, veral die ontwikkeling van onderwysers en die kurrikulum, het voorafgaande navorsing aangevul.

'n Analise van die metodologie het getoon dat kwalitatiewe en gemengde metodes die meeste gebruik word; geen artikels in hierdie studie het slegs kwantitatiewe metodes gebruik nie.

Hierdie studie het bevind dat navorsing in opvoedkundige sielkunde op die ontwikkeling van beleid en maatskaplike geregtigheid fokus. Die kennis wat voortgebring word is dan gemik op die skepping en ontwikkeling van beleid.

---

Albert Keet

Studieleier: Prof Ronelle Carolissen